29 November 2022

Familienuus 427

VANUIT DIE SINODEHUIS

Geseënde Kersfees! Só gaan ons mekaar in die volgende weke gereeld groet.

Hoekom? Want in hierdie dae gaan dit vir ons oor méér as net lekker vakansie, familiekuiers, see, plaas en persente.

Ons wil mekaar 'n tyd van geestelike seën toebid. Ons wil vir mekaar sê dat ons 'n gedeelde geloof in die Jesus van Kersfees het. Ons wil saam die Evangelie – die Goeie Nuus – vier.

En dan? Dan wil ons 'n seën gaan word in die wêreld waarin ons leef en werk en vakansie hou en kuier. Ons wil mense raaksien wat minder het as ons. Ons wil daardie lank uitgestelde telefoonoproep maak. Ons wil stilstaan by die eensame. Ons wil 'n gebed doen vir iemand wat dit nie meer self kan doen nie. Ons wil Kersfees-hoop gee aan die vriend wat alle hoop verloor het. Ons wil oor hierdie Jesus met ander praat. Ons wil deur ons lewe Hom sigbaar maak vir mense: sy hande en voete en oë en ore – sy hart.

Geseënde Kersfees!

Francois Retief

GEMEENTES EN LERAARS

Petri Coetzee van **Malelane** het 'n beroep na Albertinia aanvaar.

Jaco van Niekerk van **Ermelo** word by **Malelane** bevestig op 15 Januarie 2023.

Paul Joubert van **Wakkerstroom** het 'n beroep aanvaar na Alberton en word in Januarie daar bevestig.

Anton Badenhorst van **Pretoria-Oosterlig** het diens beëindig by die gemeente en oorsee vertrek.

Mev Elna van der Westhuizen, eggenote van wyle ds Donnie van der Westhuizen, is onlangs oorlede.

KERSFEES: 'N TYD OM TE GEE

Hierdie 2018 artikel oor "gee" beland in my e-pos. Dis nie teologie nie. Maar dit vra 'n vraag wat vir Kersfees-Christene relevant is: hoekom sukkel (ons as) vermoënde mense om te gee? Twee moontlike antwoorde: óf ons ken nie die mense wat nood het nie, óf ons het vergeet hoe dit is om self sente om te draai en het daarom nie meer 'n hart vir mense in nood nie.

Ek leer 'n nuwe konsep in die artikel: "Giving Tuesday." Dis die Dinsdag na Black Friday se koop-malheid. Om te gee vir hulle wat nie kon koop nie...

Dis vandag "Giving Tuesday..."

PRODUKTE en TOERUSTING

Jaarboek 2023 – Dit is die "Google Maps" van elke kerkkantoor en leraar. Daar is 'n beperkte voorraad beskikbaar. Die goeie nuus is dat julle dit teen verlede jaar se prys kry. Bestel hier.

Bestmed stel 'n nuwe produk bekend in die Gap Cover-omgewing. Hierdie tipe produk help om die gaping tussen mediese fonds tariewe en die werklike koste van diensverskaffers te vul. Hier is 'n brosjure van **Admed**. Kontak hulle gerus hieroor.

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za .

Die Algemene Sinode het 'n nuut opgedateerde weergawe van die **Bestuursgids vir gemeentes, kerkrade en kerkkantore** beskikbaar gestel. Hierdie is 'n administratiewe handleiding oor alles van personeelsake, vergoeding, diensooreenkomste en dissiplinêre prosesse. Dit is op ons webwerf beskikbaar asook by hierdie skakel.

Universiteitsoord (Pretoria) gee vir ons inligting oor hulle Eerstejaarskamp vir 2023.

PUK Kandelaar (Potchefstroom) het ook vir ons Eerstejaar-kamp inligting gestuur.

LIG SE KINDER-KERSKOUS-PROJEK

Die tydskrif Lig het 'n baie mooi projek waardeur kinders Christelike leesstof in hulle kerskous kan ontvang. Ondersteun gerus hierdie inisiatief.

UIT ONS SINODEHUIS

Die **Sinodehuis** sluit op **14 Desember om 10:00.** Ons is weer op **9 Januarie 2023** op ons pos.

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Die voorsitter van ons Sinodale Diensraad, Tertius Erasmus, vertel van die inisiatiewe wat op die tafel is vir 'n nuwe termyn in sy brief aan die gemeentes.

NG Kerk Stellastraat stel 'n pos vir gemeenteleraar bekend.

NG Kerk Witrivier adverteer 'n leraarspos.

NG Pretoria-Garsfontein vertel van 'n vakature in die leraarspan.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat tot 9 Januarie 2023 verjaar.

PREDIKANTE

7 Desember - Gideon du Toit, Lyttelton-Noord
9 Desember - Rayline Coetzee, Lux Mundi
18 Desember - Willem Esterhuizen, Witbank-Panorama
21 Desember - Frikkie Coetzee, Lux Mundi
21 Desember - Johannes van der Merwe, Alkmaar
22 Desember - Hancke van Blerk, Piet Retief
23 Desember - Raymond Kramm, Ligkruis
23 Desember - Adriaan van Tonder, Tzaneen-Wolkberg
25 Desember - Ian Dubery, Moreletapark
25 Desember - Maartje van der Westhuizen, Elarduspark
31 Desember - Charl van Schalkwyk, Volksrust
1 Januarie - Eddie le Roux, Witrivier
5 Januarie - Carine Botha, Krielpark
5 Januarie - Kobus Mey, Nooitgedacht
6 Januarie - Daan Klopper, Lux Mundi
9 Januarie - Rika van Vuren, Middelburg-Suid

EMERITI

28 November - Marius Crouse, Goedgegun-Swaziland 2009
29 November - Jan Roos, Volksrust 2002
8 Desember - Pieter Poley, Paardekop 2004

9 Desember - Leon du Toit, VGKSA Embhuleni 2012
11 Desember - Danie Haasbroek, Moreletapark 2015
12 Desember - Johann Fourie, Pretoria-Faerie Glen 2010
19 Desember - Niekie Rothmann, Meyerspark 2019
25 Desember - Hendrik Groenewald, Groblersdal 2020
26 Desember - Cliff van Vuren, Dennesig 2014
2 Januarie - Wikus Jacobs, Hendrina 2003

GEMEENTES

1 Desember - Burgersfort (66)
3 Desember - Amersfoort (155)
3 Desember - Graskop (90)
7 Januarie - Lydenburg (173)
7 Januarie - Nelspruit (85)
7 Januarie - Sabie (90)
9 Januarie - Roossenekal (138)

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za